IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA /ES

(NOORD GAUTENG HOË HOF, PRETORIA)

SAAK NO: A1225/2006

DATUM: 26/3/2009

NIE RAPPORTEERBAAR

IN DIE SAAK TUSSEN

| | |
|---|---|
| PRETORIA KOLLEGE | APPELLANT |
| EN | |
| T P FURTER | EERSTE RESPONDENT |
| L S MATLHARE | TWEEDE RESPONDENT |

---

UITSPRAAK

VAN DER MERWE, R

Die pleitstukke in hierdie aangeleentheid is in Afrikaans. Al die getuies het hulle getuienis in Afrikaans afgelê. Tot die mate wat die advokate se betoë getranskribeer is was dit ook in Afrikaans. Behalwe vir enkele dokumente is al die bewysstukke in Afrikaans. Die hoofde van betoog voor hierdie hof is in Afrikaans. Slegs die verhoorhof se uitspraak is in Engels. Al rede wat ek daarvoor kan sien is omdat die geleerde waarnemende regter die uitspraak as rapporteerbaar gemerk het. Ek is van oordeel dat die partye in hierdie aangeleentheid geregtig is om 'n uitspraak in die taal van hulle

keuse, dit wil sê Afrikaans, te kry. Daarom gaan ek voort om hierdie uitspraak in Afrikaans te lewer.

Gedurende Mei 2005 het mnr T P Furter as eerste eiser en mnr L S Matlhare as tweede eiser 'n dagvaarding teen die Pretoria Kollege as verweerder uitgereik ingevolge waarvan drie bedrae skadevergoeding gevorder was naamlik die bedrae van R1 353 957,60, R1 080 934,80 en R111 600,00.

In wat hierna volg sal ek na die partye verwys soos in die hof *a quo*, naamlik na die appellant as die verweerder of Pretoria Kollege, na mnr T P Furter as die eerste eiser of Furter en na mnr L S Matlhare as die tweede eiser of Matlhare.

Die dagvaarding en besonderhede van vordering hierbo na verwys is 'n toonbeeld van hoe pleitstukke nie opgestel moet word nie. Ek hoef gelukkig nie daarmee te handel nie aangesien die eisers gedurende Mei 2004 nuwe besonderhede van vordering beteken het met die volgende kennisgewing:

> "Neem kennis dat eisers afstand doen van alle vorige besonderhede van vordering en verskaf hiermee eisers se gewysigde besonderhede van vordering."

In terme van hierdie gewysigde besonderhede van vordering vorder die eisers dan van die verweerder:

1. betaling van die bedrag van R1 098 000,00;

2. rente op die gemelde bedrag teen 15,5% *a tempore morae* vanaf datum van dagvaarding tot datum van betaling; en

3. koste van die geding.

Aangesien 'n wesentlike vraag in hierdie aangeleentheid is of die partye met mekaar 'n ooreenkoms gesluit het al dan nie, is dit nodig om na die besonderhede van vordering in 'n mate van detail te verwys.

In die besonderhede van vordering word die volgende bewerings deur die eisers gemaak:

" 5. 0p of omtrent 1 Januarie 2001 het 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom by die 'Skills Kampus' van verweerder by die verweerder se gesiteerde adres. Verweerder is tydens die sluit van die ooreenkoms deur mnr Theuns Steenkamp en/of me N Small en/of mnr Nick Arnold en/of ander onbekende persone verteenwoordig sonder dat 'n handtekening namens verweerder as kontraksparty op die skriftelike ooreenkoms aangebring is. Die ooreenkoms is deur werknemers van verweerder naamlik me 0'Conner en me Landman as getuies onderteken. Die skriftelike ooreenkoms, hierby aangeheg as aanhangsel 'A1 tot A4', is aangeheg op die basis dat:

5.1 Die kursusse wat deur eisers aangebied word te die 'Skills Kampus' 'n aparte projek is wat anders hanteer word as die normale klasse

wat deur of namens die verweerder aangebied word te die hoof kampus.

5.2 Die eisers as onafhanklike kontrakteurs klasse aanbied te die 'Skills Kampus' en nie as werknemers van die verweerder nie.

5.3 Die verweerder die nodige klaskamers en infrastruktuur aan die eisers beskikbaar stel om klasse aan te bied vir ingeskrewe studente.

5.4 Behoudens paragraaf 8 hieronder het die ooreenkoms op 1 Januarie 2001 tot stand gekom en sou voortduur totdat die dienste van die eisers om een of ander geldige rede nie meer benodig sou word nie.

5.5 Die klasgelde soos ontvang van die betrokke ingeskrewe studente tussen die partye verdeel sal word op 'n basis dat die eisers 60% van die netto inkomstes ontvang, terwyl die verweerder 40% sal ontvang.

5.6 Die eisers vir die interim tydperk elk R3 000,00 (drie duisend rand) per maand ontvang met die verstandhouding dat dit later verreken

word wanneer eisers hul deel van die 60% inkomstes ontvang na afhandeling van elke ses maandelikse kursus tydperk.

5.7 Enige ander relevante terme van die kontrak is soos uiteengesit in aanhangsel 'A1 tot A4'.

6. **In die alternatief**

Indien die hof sou bevind dat die skriftelike ooreenkoms om een of ander rede nie geldig is nie word as alternatief aangevoer dat daar 'n mondelinge ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het op die basis en die terme soos uiteengesit in paragraaf 5 hierbo.

7. Die kursusse en die inhoud daarvan sowel as die studie materiaal van al die kursusse is deur eisers opgestel en aan studente beskikbaar gestel.

8. Indien die kursus op die 'Skills Kampus' suksesvol en winsgewend gedurende die periode 1 Januarie 2001 tot 30 Junie 2001 deur eisers aangebied word, sou die ses maandelikse kursus deur eisers vir minstens nog drie keer aangebied word vanaf 1 Julie 2001 tot Desember 2002. Afgesien van die skriftelike ooreenkoms wat die tydsperiode van die ooreenkoms bepaal, het verweerder deur mondelingse mededelings aan eisers deur mnr Theuns Steenkamp namens verweerder 'n verwagting geskep dat die kursus tydperke verleng sal word soos vermeld,

alternatiewelik het die verwagting dat die kursus vir gemelde tydperke sou voortbestaan stilswyend en/of by implikasie ontstaan.

9. Eisers het alle wesenlike en relevante bepalings van die ooreenkoms vir die tydperk 1 Januarie 2001 tot 30 Junie 2001 nagekom. Daarenteen het die verweerder gedurende dieselfde tydperk aan die eisers te kenne gegee dat verweerder nie die ooreenkoms tussen die partye soos voormeld gaan nakom nie, welke kennisgewing uitdruklik en/of stilswyend en/of by implikasie of deur gedrag aan eisers oorgedra is.

10. Weens die kennisgewing aan eisers dat die ooreenkoms nie nagekom sal word nie, welke kennisgewing 'n wesenlike verbreking van die ooreenkoms is, het eisers die ooreenkoms skriftelik gekanselleer gedurende Mei 2001.

11. Weens die kontrakbreuk deur die verweerder soos voormeld het die eisers gedurende die kontraksperiode van Januarie 2001 tot Junie 2001 skade gely in die bedrag van R234 000,00 synde sestig persent (60%) van die netto wins van gelde ontvang van 90 ingeskrewe studente teen R5 000,00 per student, min die maandelikse vergoeding van R3 000,00 elk wat deur eisers ontvang is gedurende die ses maande tydperk.

12. Was dit nie vir die verweerder se kontrakbreuk soos voormeld nie sou die kursus vir minstens 'n verdere 18 maande (3 kursus tydperke van ses maande elk) verleng word en sou eisers na verwagting, indien dieselfde studentetal behaal was en indien die kursusprys vir die jaar 2002 met 10% ge-eskaleer het nog 'n verdere R864 000,00 verdien het vir die gemelde 18 maande tydperk, welke bedrae soos volg bereken word:

12.1 Tydperk Julie 2001 tot Desember 2001 (ses maande):

R270 000,00 – 60% van R450 000,00 (90 studente teen R5 000,00)

12.2 Tydperk Januarie 2002 tot Desember 2002 (twaalf maande) plus 10% eskalasie:

R594 000,00 – 60% van R990 000,00 (90 studente teen R5 500,00 x 2)

Die totale skade wat eisers oor die gemelde tydperk van twee jaar gely het was dus R1 098 000,00."

Aanhangsels "A1" tot "A4" was nie, volgens die oorkonde, aangeheg by óf die oorspronklike besonderhede van vordering óf die gewysigde besonderhede van vordering nie. Dit was egter moontlik om daardie dokumente op te spoor tussen die bewysstukke en was dit moontlik om met die aanhoor van die appèl voort te gaan.

Die verweerder het 'n gewysigde verweerskrif op die gewysigde besonderhede van vordering afgelewer. Insgelyks is dit nodig dat tot 'n mate in detail na die verweerskrif verwys moet word.

Die verweerder ontken dat daar enige skriftelike ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het soos uiteengesit in aanhangsels "A1" tot en met "A4". Die verweerder gaan dan voort om soos volg te pleit:

"2.4 Dit word ontken dat tweede eiser of mnr Theuns Steenkamp of me Small of mnr Arnold en/of ander onbekende persone geregtig was om namens die verweerder 'n ooreenkoms aan te gaan of namens die verweerder te kontrakteer op die terme soos uiteengesit in paragraaf 5 of op enige ander terme en word die eiser geplaas tot die bewys daarvan.

2.5 Verweerder pleit dat die eerste en tweede eisers reeds voor 1 Januarie 2001 kursusse aangebied het te die Pretoria Kollege, ten aansien waarvan hulle 'n maandelikse vergoeding ontvang het.

2.6 Eerste en tweede eisers het kursusse aangebied en is hulle dienstydperk gekoppel aan die tydperk van die kursusse wat vir 6 maande duur.

2.7 In soverre eerste en tweede eisers as kontrakteur en/of as werknemer van die verweerder aangestel is om kursusse aan te bied vanaf 1 Januarie 2001

het die geskied op die volgende uitdruklike, alternatiewelik stilswyende, alternatiewelik geïmpliseerde terme:

2.7.1 eisers word aangestel om vir 'n tydperk van 6 maande kursusse aan te bied ten aansien van vakke soos gespesifiseer deur die verweerder;

2.7.2 sodanige klasse sal geskied ooreenkomstig die normale pligstaat van die verweerder;

2.7.3 verweerder sal die nodige fasiliteite beskikbaar stel vir die aanbied van die kursusse;

2.7.4 verweerder sal die nodige curriculum asook produkte en materiaal beskikbaar stel wat deur die eisers benodig word vir die doeleindes van aanbied van die klasse, en sal die outeursreg ten aansien van sodanige curriculum, produkte en materiaal wat beskikbaar gestel word, te alle tye by die verweerder berus;

2.7.5 die eerste en tweede eisers sal te alle relevante tye tot voordeel van die verweerder optree in uitvoering van die ooreenkoms, en sal in alle opsigte enige botsing van belange tussen die eisers en die verweerder vermy;

2.7.6 die eisers sal te alle relevante tye die verweerder se reëls met betrekking tot die inbetaling van kursusgelde, finansiële kontrole en aanbied van kursusse navolg;

2.7.7 ten aansien van eerste eiser is ooreengekom dat hy 'n maandelikse vergoeding van R3 000,00 per maand sal ontvang vanaf 1 Januarie 2001, en ten aansien van tweede eiser is ooreengekom dat hy 'n maandelikse vergoeding van R3 500,00 per maand sal ontvang vanaf 1 Januarie 2001, vir die tydperk wat die kursusse duur;

2.7.8 alle materiaal wat deur die eerste en tweede eisers gebruik word in hulle kursusse, en wat in hul besit is by diensbeëindiging, sal aan die verweerder terugoorhandig word, en sal geen materiaal vir eie gewin deur die eerste en tweede eisers aangewend word nie."

Die verweerder het ook ontken dat 'n mondelinge ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het. Verder was erken dat die eisers die kontrak gekanselleer het maar daar was ontken dat die eisers geregtig is op die verhaal van enige skadevergoeding of dat hulle enige skade gely het.

Die verweerder het, toe die oorspronklike verweerskrif geliasseer is, ook 'n teeneis ingestel. Met daardie teeneis was nie op verhoor voortgegaan nie en handel ek gevolglik nie daarmee nie.

Die eisers het 'n repliek geliasseer. Die wesenlike bewerings daarin word uiteengesit in paragraaf 2 daarvan wat soos volg lui:

"2. Indien die hof sou bevind dat die persone genoem in paragraaf 2.4 van verweerder se verweerskrif nie volmag gehad het om namens die verweerder 'n ooreenkoms aan te gaan of te kontrakteer nie, word die verweerder op die beginsel van estoppel estop om hom op te beroep op die verweer dat genoemde persone nie volmag gehad het nie en wel om die volgende redes:

2.1 Die verweerder, alternatiewelik persone wat in diens van die verweerder is of was tydens die sluiting van die ooreenkoms, was die outeur van aanhangsel 'A' soos na verwys word in die besonderhede van vordering.

2.2 Die verweerder het in die vorige jaar (2001) 'n soortgelyke ooreenkoms met ene mnr Khanya gesluit.

2.3 Die persone wat die ooreenkoms as getuies onderteken het is amptenare in diens van die verweerder wat direk met die

uitbetaling van kontraktuele vergoeding gewerk het en moes die verweerder redelikerwys kennis gedra het van die ooreenkoms en stilswyend die volmag van die betrokke amptenare erken het.

2.4 Die verweerder het nie 'n amptelike delegering van bevoegdhede wat uitdruklik bepaal wie namens die verweerder volmag het om ooreenkomste aan te gaan nie en moet redelikerwys aanvaar word dat die persone genoem in paragraaf 2.4 van die verweerder se verweerskrif senior posisies beklee wat volmag sou gehad het om namens verweerder ooreenkomste te sluit.

2.5 Weens die gebrek aan 'n skriftelike dienskontrak tussen eisers en verweerder moet redelikerwys aanvaar word dat aanhangsel 'A' die enigste ooreenkoms tussen die partye was.

2.6 Aanhangsel 'A' was deur die verweerder of amptenare namens verweerder aangevra om betalings te kon maak en die betrokke dokument is ook deur verweerder in bewaring geneem wat daarop dui dat verweerder hom met die kontrak en die volmag van die amptenare betrokke vereenselwig het."

Die verhoor voor die verhoorhof (VAN ROOYEN, WR) het etlike dae geduur. Beide eisers het getuig terwyl mnre T G Steenkamp en N H Arnold namens hulle as

getuies geroep is. Me M W Venter, die rektor van die verweerder op die relevante tyd, het namens die verweerder getuig. Die getuienis beloop naastenby 600 bladsye en 'n veeltal bewysstukke is ook ingehandig.

Dit is opvallend dat die verhoorhof nie die getuienis van die getuies bespreek het nie, nie sy siening oor hulle getuienis in sy uitspraak vermeld het nie en gevolglik ook geen geloofwaardigheidsbevinding gemaak het in soverre dit nodig mag gewees het nie.

Die verhoorhof het bevind dat 'n ooreenkoms tussen die partye tot stand gekom het op die volgende basis:

> "I have come to the conclusion that the plaintiffs have proved on a balance of probabilities that the college, through its principal, represented by way of omission and commission that a contractual relationship between them existed. To my mind the college is estopped from averring that since the document was not signed there was no contract."

Ten opsigte van die inhoud van die ooreenkoms het die verhoorhof tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> "I accordingly hold that the contract between the plaintiffs and the College provided that after all the expenses were subtracted from the gross income, the net profit would be divided on a basis of 60% to the plaintiffs and 40% to the College."

Die verhoorhof het vervolgens besluit oor die tydperk wat die ooreenkoms sou duur en die volgende daaroor gesê:

> "In the circumstances I believe that it would be reasonable to draw an inference that the College would at least have continued the course for the second and third semesters. It would amount to pure conjecture to postulate a further semester."

Laastens het die verhoorhof 'n bepaling gemaak van die skade wat die eisers na bewering gely het en gelas dat die volgende bedrae voor of op 1 September 2006 soos volg betaal moet word:

"1. To Mr Matlhare R60 650,00 plus interest at 15,15% per annum from date of amended particulars of claim to the date of payment.

2. To Mr Matlhare R42 000,00 plus interest at 15,15% per annum from date of amended particulars of claim to the date of payment.

3. To Mr Furter R60 650,00 plus interest at 15,15% per annum from date of amended particulars of claim to the date of payment.

4. To Mr Furter R36 000,00 plus interest at 15,15% per annum from date of amended particulars of claim to the date of payment.

5. Taxed costs of the plaintiffs.

6. Interest for purposes of this order does not amount to compound interest. The date of the amended particulars of claim is 5 May 2004."

Die verweerder het appèl aangeteken teen die geheel van die verhoorhof se uitspraak en bevele. Dit is nie nodig dat ek op hierdie stadium na die gronde van appèl verwys nie. In die uitspraak sal sekere van die gronde wel hanteer word.

Die verweerder se hoof kampus is geleë op die hoek van Du Toit en Kerkstrate in Pretoria. Die sogenaamde vaardigheidskampus is geleë op die hoek van Potgieter en Pretoriusstrate, ook in Pretoria. By die vaardigheidskampus word kort kursusse aangebied.

Matlhare het getuig dat gedurende die jaar 2000 hy en Furter betrokke was saam met 'n sekere mnr Khanya in die aanbied van 'n sekuriteitskursus.

0p die betrokke tydstip was me Venter die rektor van die verweerder en mnr Steenkamp na wie reeds verwys is die hoof van die vaardigheidskampus.

Matlhare sê dat hy en Furter met Steenkamp onderhandel het vir 'n kontrak wat hulle met die verweerder wou aangaan om die betrokke kursus aan te bied. Hy getuig dan dat daar inderdaad 'n kontrak gesluit is. Die dokument wat die kontrak sou uitmaak dra die opskrif: "Independent contractor: Memorandum of Agreement". Dit maak dan verder voorsiening vir die "company" wat die verweerder sou wees en die kontrakteur wat Matlhare sou wees. Paragraaf 1 van hierdie dokument maak uitdruklik daarvoor voorsiening dat die "kontrakteur" nie in diens van die verweerder sou wees nie maar 'n onafhanklike kontrakteur sou bly.

Paragraaf 4 van die dokument handel met die fooie struktuur en bepaal paragraaf 4.1 soos volg:

> "Payment in terms of this contract shall be linked to the number of students enrolled for the course.  The company shall pay the contractor 60% of the net profit.  The company shall pay the contractor R3 500,00 per month for services rendered."

Klousule 13 bepaal dat die duur van die kontrak sou wees vanaf 1 Januarie 2001 en dat dit sou voortduur solank as wat die kontrakteur se dienste benodig sou word.

Dit is gemeensaak dat hierdie dokument nooit namens die verweerder ontderteken is nie.  Furter het geteken waar die verweerder moes teken en Matlhare het as kontrakteur geteken.  Daar het weliswaar twee getuies geteken.

Matlhare se getuienis is dat hy en Furter 60% van die wins wat die kursus gemaak het sou kry maar dat sy salaris nie in berekening gebring sou word vir bepaling van die netto wins nie.

Matlhare getuig ook dat hy <u>dink</u> dat die ooreenkoms deur die verweerder <u>erken</u> was omdat die ooreenkoms by die verweerder self gekry is, hy dit nie self opgestel het nie en omdat dit na die verweerder se hoof kampus gestuur is.

0nder kruisverhoor getuig Matlhare dat Steenkamp inderdaad aan hom gesê het dat die bestuursvergadering van die verweerder die ooreenkoms goedgekeur het.

Ek sal later handel met 'n ondersoek wat die verweerder gehou het na sekere gebeure verbandhoudende met die betrokke kursus op 19 Maart 2001.

Matlhare het gesê dat die kontraksverhouding tussen die eisers en die verweerder het tot 'n einde gekom omdat hulle bedank het. Hy en Furter het daarna voortgegaan om die betrokke kursus elders aan te bied.

Volgens Furter het die ooreenkoms tussen die eisers en die verweerder bepaal dat hulle 'n klein salaris sou ontvang en aan die einde van elke kursus sou 'n winsverdeling van 60/40% geskied. Na die ondersoek van 19 Maart 2001 was 'n brief van me Venter ontvang en sê Furter dat hy van sekere dinge skuldig bevind is waarvan hy niks geweet het nie en het hy besluit om te bedank.

0or die goedkeuring van die ooreenkoms sê Furter dat Steenkamp hom meegedeel het dat die hoof kampus moes besluit of die winsverdeling aanvaarbaar was. Steenkamp het nooit na hom toe teruggekom en gesê dat hoof kampus dit wel goedgekeur het nie. Hy het slegs aangeneem dat dit in orde was omdat hy vir 'n tydperk nog steeds salaris ontvang het.

Volgens Furter het hy en Matlhare met die aanbieding van die kursus na hulle bedanking by die verweerder sukses gehad.

Matlhare en Furter het inskrywingsgeld van studente vir die sekuriteitskursus ontvang. Die verweerder het op 'n stadium 'n oudit van sodanige gelde gedoen en bevind dat daar ietwat meer as R23 000,00 tekort was. Daarom was besluit om 'n feitebevinding ondersoek te doen wat plaasgevind het op 19 Maart 2001.

Matlhare het tydens hierdie ondersoek getuig. Sy getuienis was dat hy eers op 15 Maart 2001, enkele dae voor die ondersoek, 'n kontrak geteken het. Dit is duidelik dat daardie kontrak nie deur die verweerder geteken is nie. Matlhare se houding was dat daar 'n mondelinge ooreenkoms met Steenkamp gesluit was. Daarvolgens sou hy 'n werknemer van die verweerder wees. 0ok sou hy 'n maandelikse salaris ontvang en daar sou aan die einde van die betrokke kursus gekyk word watter persentasie van die wins hy sou kry. Volgens hom sou hy 5% kry indien daar meer as veertig studente ingeskryf het.

Dit is duidelik dat daar wesenlike verskille bestaan tussen Matlhare se getuienis tydens die ondersoek en sy getuienis voor die hof *a quo.*

Furter het ook getuig tydens die ondersoek. Furter se getuienis oor die sluiting van die kontrak is baie kort en saaklik. Volgens hom was die eerste weergawe van die kontrak nie korrek nie want daarvolgens sou hulle 'n salaris kry plus 60% van die wins. Dit sou reggestel word.

Van belang is Steenkamp se getuienis tydens die ondersoek. Hy het tydens die verhoor vir die eisers getuig. Steenkamp getuig tydens die ondersoek oor onderhandelinge wat plaasgevind het tussen die eisers en homself. Daar was hulp gesoek by onder andere mnr Arnold met die opstel van 'n kontrak en daar was ook gepraat oor winsverdeling. Dan vervolg Steenkamp soos volg:

> "Toe het ons besluit nee, kom ons kyk eers heeltemal eenvoudig wat gebeur en ons stel die ouens aan op 'n doodgewone kontrak waar hulle vir 'n salaris werk van R3 500,00 en R3 000,00 en sou dit dan na die eerste ses maande baie goed verloop dan kan 'n mens die kontrak weer in heroorweging neem."

Hierdie ondersoek het plaasgevind voordat die betrokke ses maande reeds verloop het.

Voor die hof *a quo* het Steenkamp getuig dat die eisers en verweerder op 'n 60/40% verdeling van die wins van die kursus ooreengekom het. Die eisers sou nie 'n salaris ontvang nie. In daardie opsig is die dokument wat die kontrak sou beliggaam verkeerd.

Steenkamp se getuienis tydens die ondersoek is in kruisverhoor aan hom gestel. Hy kon die verskil tussen sy getuienis voor die hof *a quo* en tydens die ondersoek nie verklaar nie. Hy het toe die korrektheid van die oorkonde van die ondersoek in twyfel getrek ten spyte daarvan dat die partye ooreengekom het dat die oorkonde korrek is.

Dit is duidelik dat die getuienis van die eisers voor die hof *a quo* van mekaar verskil. Dit verskil ook van hulle getuienis tydens die ondersoek. Die getuienis van Steenkamp verskil van dié van die eisers. 0ok verskil Steenkamp se getuienis voor die verhoorhof van sy getuienis tydens die ondersoek.

Weinig sin kan gemaak word van die getuienis van die eisers en Steenkamp.

Me Venter het in haar getuienis die standpunt ingeneem dat daar op geen basis deur die verweerder ingestem sou gewees het tot 'n 60/40% verdeling van die netto wins nie. Haar getuienis is sinvol en verstaanbaar.

Dit is nie nodig dat die getuienis in enige verdere detail ondersoek word nie.

Die verhoorhof het oorsigtelik na sekere van die feite waarna ek hierbo verwys het verwys. Die verhoorhof kom dan tot die gevolgtrekking dat die ooreenkoms nooit namens die verweerder geteken is nie. Die eerste keer wat daar besef was dat daar probleme was aangaande die bestaan van 'n ooreenkoms was tydens die ondervraging. Tot op daardie stadium het Furter R3 000,00 per maand ontvang en Matlhare R3 500,00 per maand.

Nadat die verhoorhof tot die gevolgtrekking gekom het dat die dokumente wat deur Furter en Matlhare geteken is nie ooreenkomste daarstel nie word die vraag deur die

hof *a quo* gevra of die verweerder nie deur estoppel verhoed moet word om aan te voer dat die ooreenkoms nie geteken is nie.

Ter beantwoording van daardie vraag ondersoek die verhoorhof die feit of daar 'n voorstelling aan die eisers gemaak was. Die verhoorhof kom tot die gevolgtrekking dat enige voorstelling wat Steenkamp moontlik aan hulle kon gemaak het nie voldoende is "to prove the case against the College on a basis of estoppel".

Die verhoorhof sê dat die ondersoek wat gehou is getoon het dat daar onsekerheid is oor die bestaan al dan nie van die kontrak.

Die verhoorhof verwys dan na 'n skrywe wat me Venter op 24 April 2001 na afloop van die ondersoek aan beide die eisers gerig het. Die inhoud van daardie brief moet in geheel aangehaal word en lui soos volg:

> "Na afloop van die ondersoek gehou ten einde te bepaal watter partye betrokke was tydens die verlies van gelde wat op die vaardigheidskampus hanteer is, spyt dit my om die volgende aan u mee te deel:
>
> 1. Daar is bevind dat u betrokke, en deels verantwoordelik was vir die verliese van die gelde.
>
> 2. Geliewe hiermee kennis te neem dat u 'n finale waarskuwing ontvang wat vir twaalf maande geldig sal wees (sien aanhangsel).

3. U sal ook geen bonusse ontvang tydens die jaar 2001 nie.

4. Die Kollege hou hom die reg voor om geld van u salaris terug te hou totdat die volle uitstaande bedrag vereffen is. Die Kollege het dit egter goed gedink om nie gelde van u salaris terug te hou nie, maar daar sal van u verwag word om sonder vergoeding kort kursusse aan te bied. Verdere besonderhede in die verband sal deur mnr Badenhorst met u bespreek word.

5. Die groei van die kursusse wat u aanbied sal gemoniteer word ten einde te bepaal of u kontrak hernu sal word na die vervaldatum.

6. Daar sal verder van u verwag word om die Kollege se finansiële beleid streng na te volg wanneer daar met gelde gewerk word.

7. Indien u sou versuim of nalaat om u aan die bogemelde bepalings te onderwerp, sal dit lei tot summiere ontslag.

8. Indien u voel dat daar onbillik teen u opgetree is, kan u 'n versoek rig dat bogenoemde besluite in hersiening geneem word. Sodanige versoek moet binne vyf werksdae gerig en aan die rektor van Pretoria Kollege oorhandig word."

Die verhoorhof sê dat hierdie skrywe die totale antwoord op die ondersoek gee. Hierdie brief, sê die verhoorhof "amounts to a clear representation from the principal that a contractual relationship with the plaintiff exists. It provides the missing link, as it were."

0p daardie basis het die verhoorhof dan tot die gevolgtrekking gekom dat "the College is estopped from averring that since the document was not signed there was no contract".

Wat die verhoorhof gevolglik gedoen het was om te konkludeer dat die ongetekende skriftelike ooreenkoms die ooreenkoms tussen die eisers en die verweerder daarstel weens 'n voorstelling deur me Venter dat daar wel 'n kontraktuele verhouding tussen die partye bestaan het.

Ek kan met hierdie standpunt van die verhoorhof nie saamstem nie. Tot en met die ondersoek, enkele dae voor die betrokke skrywe, is daar geen duidelikheid in die gemoed van Furter of Matlhare dat hulle wel 'n ooreenkoms met die verweerder gesluit het en wat die terme daarvan is nie. Tot op daardie stadium was daar geen voorstelling aan hulle gemaak nie. Deur die skrywe van me Venter van 24 April 2001 skep die verhoorhof nou 'n ooreenkoms tussen die partye geldig vanaf Januarie 2001. Die toepassing van die beginsels van estoppel deur die verhoorhof is geheel en al misplaas.

Soos reeds hierbo daarop gewys het die verhoorhof, nadat bevind is dat die ongetekende skriftelike kontrak deur middel van estoppel 'n bindende ooreenkoms tussen die partye is, voortgegaan om die terme van die kontrak te bepaal. Dit het aanleiding daartoe gegee dat die verhoorhof tot die gevolgtrekking kom dat die kursus nog vir 'n verdere drie semesters deur die eisers aangebied sou word maar dat dit spekulasie sou wees om te bevind dat dit vir 'n vierde semester aangebied sou word. Wat die verhoorhof hier gedoen het was om 'n kontrak vir die partye te skryf waarop hulle nie ooreengekom het nie. Die oomblik toe die verhoorhof met die toepassing van die beginsels van estoppel bevind het dat daar 'n skriftelike kontrak tussen die partye bestaan moes die terme van daardie skriftelike ooreenkoms net so gelaat gewees het. Die verhoorhof gaan egter verder en beding in werklikheid 'n nuwe kontrak vir die partye.

Wat die verhoorhof uit die oog verloor het is dat wilsooreenstemming tussen kontrakspartye nodig is om 'n kontraktuele verhouding tussen hulle tot stand te bring. In 'n verhoor soos die onderhawige was die verhoorhof geroepe om te bepaal of daar wel konsensus was al dan nie.

Vergelyk bv Christie *The Law of Contract in South Africa*, 5de uitgawe, bl 72 waar die volgende gesê word:

> "There is a wealth of authority for regarding agreement by consent as the foundation of contract. …

A lawyer needs proof before concluding that a particular state of affairs exists, and when the state of affairs in question is something so subjective as the states of mind of two or more parties on a particular occasion or occasions, the lawyer will find that, in truth, the search is not for agreement by consent but for evidence of such agreement. In the words of Wessels para 62:

'Although the minds of the parties must come together, courts of law can only judge from external facts whether this has or has not occurred. In practice, therefore, it is the manifestation of their wills and not the unexpressed will which is of importance.'"

Die verhoorhof het dit nie gedoen nie. Wat die verhoorhof wel gedoen het is om van die leerstuk van estoppel gebruik te maak ten einde tot die gevolgtrekking te kom dat die verweerder nie kan steun op die nie-ondertekening van die dokument nie. Dit is verre daarvan om te bevind waarop ooreengekom is, naamlik wat die inhoud van die ooreenkoms is. 0m hierdie rede moes die verhoorhof toe 'n kontrak vir die partye skryf.

Dit wil voorkom asof die verhoorhof met die begrip "*quasi* mutual assent" wou werk maar dit heeltemal verkeerd toegepas het. Soms wil dit voorkom asof die verhoorhof met die beginsels van stilswyende ooreenkomste of stilswyende terme wou werk maar dit ook nie korrek toegepas het nie.

Die kern van die probleem is dat die verhoorhof die feite totaal verkeerd hanteer het. Die hof het enkele eenvoudige feite geneem en 'n ingewikkelde regsprobleem

daarom heen geweef. In werklikheid was die feite ingewikkeld en die regsprobleem eenvoudig – daar was geen wilsooreenstemming tussen die partye nie.

Ek het reeds daarop gewys dat die verhoorhof die brief van 24 April 2001 as repudiasie van sy verpligtinge deur die verweerder beskou het en dat die briewe van bedanking as aanvaarding van die repudiasie gesien is.

Dit kan nie reg wees nie. Die briewe van bedanking van die eisers is duidelik. Hulle was nie tevrede met die siening van die verweerder dat hulle gewone werknemers is nie en het toe as werknemers bedank en met die kursus elders voortgegaan. Dit is geykte reg dat 'n beweerde repudiasie binne 'n redelike tyd in ondubbelsinnige terme aanvaar moet word. In hierdie geval het die respondente na die gewraakte brief van 24 April 2001, bloot voortgegaan met die aanbied van die kursus en dit voltooi. In hulle bedankingsbriewe word niks gemeld van die beweerde repudiasie nie. Trouens, Matlhare sê uitdruklik hulle het net bedank. In die lig daarvan kan daar geen sprake wees van kontrakbreuk of skadevergoeding nie, ongeag of skade hoegenaamd bewys is al dan nie.

Van meer belang is die verhoorhof se berekening van die skade. Die verhoorhof het met aannames wat nie op feite gebaseer is nie heengegaan en 'n beraming van skade gemaak. Daar is geen getuienis voor die verhoorhof gelê oor wat die moontlike bruto wins van die kursus sou wees of wat die koste daaraan verbonde sou wees nie. Die netto wins kon op geen basis hoegenaamd bereken word nie. Ek het reeds daarna verwys dat

die verhoorhof sonder 'n feitelike basis die duur van die kontrak bepaal het en dit as inset gebruik het by die berekening van skade.

Die verhoorhof het ook wat die berekening van die skadevergoeding betref fouteer.

Die verhoorhof moes, na my oordeel, absolusie van die instansie met koste gelas het.

Die volgende bevele word gemaak:

1. Die appèl slaag met koste.
2. Die bevele van die verhoorhof word tersyde gestel en vervang met die volgende: Absolusie van die instansie met koste.

W J VAN DER MERWE
REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF

Ek stem saam

R D CLAASSEN
REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF

Ek stem saam

W R C PRINSLOO
REGTER VAN DIE NOORD GAUTENG HOË HOF

AANGEHOOR OP: 25 MAART 2009
VIR DIE APPELLANT: C D DE JAGER
IN OPDRAG VAN: J W WESSELS & VENNOTE INGELYF
VIR DIE VERWEERDERS: Me S BUITENDAG
IN OPDRAG VAN: VISSER GERBER INGELYF